Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Snykunde (MBChB)

Die MBChB-program neem ses jaar om te voltooi. Ná voltooiing van die MBChB-graad en die internskap van twee jaar, gevolg deur ’n jaar se gemeenskapsdiens, word jy deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (HPCSA) toegelaat om as geneeskundige te praktiseer.

Ons sesjaargraad bied wêreldklasopleiding aan studente wat as mediese dokters wil praktiseer. Die oogmerke van die gegradueerdeprofiel word bereik deur ’n sorgvuldig saamgestelde kurrikulum wat ’n balans handhaaf tussen voorkomende, bevorderende, genesende en rehabilittatiewe gesondheidsorg en daarop gemik is om ’n bekwame, nie-spesialis-dokter te lewer met die ingesteldhede, kennis en vaardighede om die gesondheidsorgveld met vertroue te betree. Ons opleiding moedig kommunikasievaardighede, spanwerk, professionele waardes en bedrewe kliniese praktyk in die konteks van die primêre, sekondêre en tersiêre gesondheidsorgstelsels aan. Die opvoedkundige benadering rus studente toe met vaardighede vir kritiese denk en lewenslange leer.

As ’n geneeskundige kan jy by ’n dokterspraktyk aansluit, jou eie praktyk begin, of in ’n openbare of privaat hospitaal, ’n gemeenskapskliniek of verskeie ander omgewings werk. Jy kan besluit om in ’n rigting van jou keuse te spesialiseer.

Daar is meer as 30 spesialiteite om van te kies. Opleiding in ’n spesialiteit neem vier tot vyf jaar, waartydens jy as ’n kliniese assistent in ’n opleidingshospitaal in diens geneem word en ’n salaris betaal word. ’n Spesialis (soos ’n pediater) kan ook besluit om verder in een van verskeie subspesialiteite (soos pediatriese kardiologie) te spesialiseer. Opleiding in ’n subspesialiteit duur twee tot drie jaar, waartydens jy as ’n senior kliniese assistent in ’n opleidingshospitaal werk. ’n Verskeidenheid ander nagraadse diplomas en grade is beskikbaar, wat beteken gegradueerdes kan loopbane in onder meer gesondheidsekonomie, sportbestuur, of kliniese of laboratorium-gebaseerde navorsing volg.

Voordat studente in die sale begin en met pasiënte te doen kry, lê hulle ’n eed af wat die beroep se onderliggende waardes weerspieël. Hierdie waardes behels:

- Gaan ’n verbintenis aan om die mensdom te dien
- Maak die belangrikste oorwegings die gesondheid van pasiënte en die gesondheid van hul gemeenskappe
- Laat nie toe dat oorwegings soos ouderdom, geslag, ras, godsdiens, etniese oorsprong, seksuele oriëntasie, siekte, gestremdheid of enige ander faktor die versorging van pasiënte nadelig beïnvloed nie
- Handhaaf menseregte en burgerlike vryhede om gesondheid te bevorder, selfs in geval van bedreiging
- Betrek pasiënte en kollegas as vennote by gesondheidsorg
- Beoefen die beroep met waardigheid as ’n gewetensaak
- Respekteer pasiëntvertroulikheid in die hede of verlede, van die lewendes of afgestorwenes
- Heg waarde aan navorsing en word in die uitvoer daarvan deur die hoogste etiese standaarde gelei
- Bly tot lewenslange leer verbind

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Vir verdere inligting oor die program, of oor studie aan die Universiteit van Kaapstad, kontak gerus die toelatingskantoor by **021 406 6328** of **021 406 6347**, of per e-pos: **fhs-admiss@uct.ac.za**

Wat is Fisioterapie?

Fisioterapie is ’n toegepaste dissipline gewy aan die studie van die beweging en funksionering van die menslike liggaam, asook die relevansie daarvan vir gesondheid en welstand, terwyl dit terselfdertyd die lewensgehalte van individue en gemeenskappe wil optmaliseer.

Binne die gesondheidsorg span speel fisioterapie ’n rol in:

- die bevordering van ’n gesonde leefstyl
- die voorkoming van siekte en besering by diegene wat aan risiko blootgestel is
- die rehabilitasie en herstel van ’n individu se funksionering ná ’n besering of disfunksie (gestremdheid)
- die holistiese benadering tot bestuur sluit berading in, wat die kliënt bemagtig om sy of haar lewensgehalte te verbeter

Die fisioterapeut is opgelei om in verskeie omgewings as ’n lid van die gesondheidsorg span te werk. Dit kan in pasiënte/kliënte se huis, gemeenskapsentrums, asook in die buitepasiëntklinieke, sale en intensiewesorgeenhede van hospitale wees.

Hierdie dissipline behels die volgende hoofgebiede:

- Neuromuskuloskeletaal (NMS) en Ortopedie
- Neurologie – Volwassenes en Pediatrie
- Kardiopulmonêr

Die graadprogram duur gewoonlik vier jaar. Uitgesoekte studente mag die programme oor n lager tydperk van fyf jaar voltooi, indien hulle nie sekere akademese vereistis nakom nie. Bykomende onderrig en ondersteuning kan aan hulle verskaf word.

Loopbaangeleenthede

Daar is loopbaangeleenthede in plekke van spesiale belang, bv. skole, geriatriese sentrums, nywerheid- en sportsentrums. Verdere kundigheid kan deur voortgesette opleiding, onderrig binne die professie en navorsing ontwikkel word. Fisioterapeute kan ook ander uitgebreide gesondheidsorg-inrigtings kies, onder meer die bestuur van gesondheidsfasiliteite, beleidsbeplanning, of die opleiding van toekomstige professionele gesondheidslui.

Ná voltooiing van die graad in Fisioterapie volg registrasie as ’n fisioterapeut by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (HPCSA).

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Vir verdere inligting oor die program, of oor studie aan die Universiteit van Kaapstad, kontak gerus die toelatingskantoor by **021 406 6328** of **021 406 6347**, of per e-pos: **fhs-admiss@uct.ac.za**

Wat is Oudiologie?

Die oudiologie-beroep behels die evaluering en bestuur van gehoor, gehoorverlies en oorverwante balansversteurings.

Die oudioloog is ook betrokke by die bevordering van gesonde oor- en gehoorgewoontes, en die voorkoming of minimalisering van gestremdheid as gevolg van gehoorverlies of balansversteurings. Oudiologie is een van die snelste groeiende gesondheidsberoepe vanweë vinnige tegnologiese vordering.

Oudioloë:

- meet en diagnoseer gehoorvermoë
- voorsien rehabilitasiedienste aan kinders en volwassenes met ’n gehoorverlies
- doen die inplasing van gehoorapparate en hulpluistertoestelle
- konsulteer oor geraas-geïnduseerde gehoorverlies, en ontwikkel gehoorbehoudsprogramme
- behandel stuur individue met ouditief-verwante prosesseringsteurings
- behandel stuur mense met oorverwante balansprobleme
- tree op as deskundige getuies in regsgedinge wat met hul kundigheidsgebiede te make het
- poog om gehoorverlies en die gevolge daarvan te voorkom en/of te minimaliseer
- onderneem navorsing in gehoor- en balansstelsels.

Is Oudiologie vir my?

As jy op uitdagings floreer en mense wil bystaan om hul lewensgehalte te verbeter, is oudiologie ’n beroep wat in daardie behoeftes kan voorsien. Jy kan oor die hele ouderdomspektrum werk, of kies om slegs met volwassenes of kinders te werk (’n oudioloog kan ’n gehoortoets selfs op ’n een uur oue baba doen). Die vermoë om buiten Engels ook ’n Afrikataal te praat, is ’n waardevolle hulpbron by die voorsiening van oudiologiedienste.

Die BSc in Oudiologie is ’n vierjaarkursus van voltydse studie. Jou opleiding behels die mediese, wetenskaplike, maatskaplike en sielkundige aspekte van gehoor, spraak en taal. Jy leer van die anatomie en fisiologie van gehoor; normale kommunikasieontwikkeling; vroeë intervensie; en evaluering en bestuur vir kliënte wat wissel van kinders tot volwassenes met verskillende gehoor- of balansprobleme.

Ná voltooiing van die BSc-graad in Oudiologie volg registrasie as ’n oudioloog by die Suid Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (HPCSA).

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Vir verdere inligting oor die program, of oor studie aan die Universiteit van Kaapstad, kontak gerus die toelatingskantoor by **021 406 6328** of **021 406 6347**, of per e-pos: **fhs-admiss@uct.ac.za**

Wat is Spraak-taal-patologie?

Die spraak-taal-patologie-beroep behels die evaluering en bestuur van kommunikasie versteurings as wat die gevolg van spraak-en-taal-wat belemmer ing is.

As 'n spraak-taal-patoloog, evalueer en behandel jy kinders en volwassenes met verskillende kommunikasiehindernisse. Hierdie hindernisse kan die volgende insluit: hakkel, probleme met spraakklankproduksie of die aanleer van taal; stemversteurings; en die verlies of aantasting van spraak en taal by volwassenes wat bv. 'n beroerte gehad het, of 'n breinbesering opgedoen het. 'n Verdere belangrike aspek van spraak-taal-patologie is die evaluering en bestuur van kinders en volwassenes wat sukkel om te eet of te sluk.

Spraak-taal-patoloë:

- werk met kinders en volwassenes met disleksie
- kan help om hakkel by jong kinders te behandel verhoed
- werk met jong babas wat nie behoorlik kan eet of sluk nie
- skep alternatiewe kommunikasiestelsels vir individue wat nie kan praat nie
- werk met kinders wat met 'n gesplete lip/ verhemelte gebore is
- werk met volwassenes wat belemmerde kommunikasie ná 'n motorongeluk oorgehou het

Is Spraak-taal-patologie vir my?

Indien jy passievol is oor kommunikasie en 'n verskil in mense se lewens wil maak, is dit dalk net die loopbaan vir jou!

Die veld bied uitgebreide kliniese en navorsingsgeleenthede. Spraak-taal-patoloë werk met individue, groepe en gemeenskappe van alle ouderdomme, om kommunikasieversteurings te evalueer en te behandel, asook om gesondheid en effektiewe kommunikasie te bevorder en gestremdhede te voorkom.

Spraak-taal-patoloë werk in kleuterskole, skole, spesiale skole, hospitale, rehabilitasiesentrums, gemeenskapsklinieke of in privaat praktyk. Studente wat addisionele tale buiten Engels praat, sal voordeel vind.

Ná voltooiing van die BSc-graad in Spraak-taal-patologie kan jy registreer as 'n spraak-taal-patoloog by die Suid Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe (HPCSA).

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Vir verdere inligting oor die program, of oor studie aan die Universiteit van Kaapstad, kontak gerus die toelatingskantoor by **021 406 6328** of **021 406 6347**, of per e-pos: **fhs-admiss@uct.ac.za**

Wat is Arbeidsterapie?

Arbeidsterapeute is professionele gesondheidsorgwerkers wat mense help om praktiese lewensprobleme te oorkom as gevolg van siekte, disfunksie, gestremdheid of samelewingstoestande is.

As iemand, byvoorbeeld 'n beroerte gehad het, werk die arbeidsterapeut as deel van die gesondheidsorgs span saam met die persoon om hom/haar te help om praktiese lewensituasies te hanteer en daarby aan te pas. Daar is 'n sterk klem op die sielkunde en rehabilitasie asook om mense te bemagtig, wat gesondheids- en ander terugslae gely het om hul lewensgehalte te herwin.

Geleenthede vir teorie en praktiese leer word oor die volle duur van die kursus geskep. Lesings vind plaas op die kampus van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, in die Arbeidsterapie Afdeling binne die Departement van Gesondheids- en Rehabilitasie wetenskappe by die Groote Schuur Hospitaal, asook op die boonste en middelste kampusse van die Universiteit. Vervoer word tussen die verskillende kampusse en die Fakulteit verskaf en na meeste van die meer afgeleë praktiese leer plasings.

Arbeidsterapeute is belangrike bydraers tot al die vlakke van gesondheidsorg en gemeenskapsontwikkeling. Dit is 'n beroep wat verskeie praktiseringsdomeine insluit – geestesgesondheid, fisiese gesondheid, kinderleerontwikkeling en -spel, werkpraktyk en gemeenskapsontwikkelingpraktyk.

Arbeidsterapeute mag hul eie praktyke begin en/of werk met individue, groepe en gemeenskappe, en in verskeie soorte organisasies (bv. verskeidenheid van hospitale of dwelmklinieke, arbeidsorganisasies, verskillende nywerhede, skole, departemente van justisie, en nie-regeringsorganisasies).

Ná voltooiing van die graad in Arbeidsterapie volg registrasie as 'n arbeidsterapeut by die Suid Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe (HPCSA). Gegradueerdes word verwag om een jaar gemeenskapsdiens te verrig, waarna hulle as onafhanklike praktisyns geregistreer word.

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Vir verdere inligting oor die program, of oor studie aan die Universiteit van Kaapstad, kontak gerus die toelatingskantoor by **021 406 6328** of **021 406 6347**, of per e-pos: **fhs-admiss@uct.ac.za**